Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

ONS TWEE

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Ons twee kom ‘n lang pad
En selfs al is jy ver
Weet ek dat daar altyd een sal wees
Wat in my glo
Maak nie saak wat gebeur nie

Ons twee ken geheime
wat ewig sal bly staan
En altyd net die mooiste, diepste, ver verlang laat leef
En nie ‘n oomblik se seer nie
Want ons twee sal altyd saam wees
Solank die aarde draai
Ons twee verdwaaldes
Op ‘n vreemde oseaan se kaai
Ons twee se spore sal saam loop
By die verste sterrestelsels verby
Ek en jy

Ons twee kom ‘n lang pad
En selfs al is ek ver
Weet maar dat daar altyd een sal wees
Wat in jou glo
Maak nie saak wat gebeur nie
Want ons twee sal altyd saam wees
Solank die aarde draai
Ons twee verdwaaldes
Op ‘n vreemde oseaan se kaai
Ons twee se spore sal saam loop
By die verste sterrestelsels verby
Ek en jy

Ons twee kom ‘n lang pad